

Matzikama, South Africa

## Verordening vir die Beheer en Toesig van die Besigheid van Straathandelaar, Venter en Smous

Legislation as at 4 April 2003

FRBR URI: /akn/za-wc011/act/by-law/2003/supervision-control-business-of-street-vendor-pedlar-hawker/afr@2003-04-04

There may have been updates since this file was created.

PDF created on 11 August 2023 at 17:53.

*Collection last checked for updates: 28 April 2023.*

[Check for updates](#)



### About this collection

The legislation in this collection has been reproduced as it was originally printed in the Government Gazette, with improved formatting and with minor typographical errors corrected. All amendments have been applied directly to the text and annotated. A scan of the original gazette of each piece of legislation (including amendments) is available for reference.

This is a free download from the Laws.Africa Legislation Commons, a collection of African legislation that is digitised by Laws.Africa and made available for free.

[www.laws.africa](http://www.laws.africa)  
[info@laws.africa](mailto:info@laws.africa)

There is no copyright on the legislative content of this document.  
This PDF copy is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 License (CC BY 4.0). Share widely and freely.

Verordening vir die Beheer en Toesig van die Besigheid van Straathandelaar, Venter en Smous  
Contents

1. Woordomsrywings .....	1
2. Algemene gedrag .....	3
3. Algemene beperkings .....	4
4. Sindelikheid en beskerming van openbare gesondheid .....	4
5. Handeldryf in openbare plekke .....	5
6. Voorwerpe wat gebruik word vir die uitstalling van goedere .....	5
7. Verwydering en skutting .....	5
8. Delegering van magte .....	6
9. Appèle .....	6
10. Samestelling van Appèlkomitee .....	6
11. Prosedure op appèlvergaderings .....	7
12. Toepassing .....	7
13. Herroeping .....	7
14. Oortredings .....	7
15. Taal .....	8
Bylae van beginsels .....	8

## Matzikama South Africa

# Verordening vir die Beheer en Toesig van die Besigheid van Straathandelaar, Venter en Smous, 2003

*Published in Western Cape Provincial Gazette 5996 on 4 April 2003*

**Inwerking getree op 4 April 2003**

*[Hierdie weergawe van die relevante dokument vind toepassing vanaf 4 April 2003  
en is insluitend van enige verdere wysigings gepubliseer tot en met 28 April 2023.]*

AANGESIEN erken word dat 'n behoefte bestaan om 'n omgewing te skep waarin die bedryf van die besigheid van informele handel in openbare strate en openbare plekke toegelaat word, onderworpe aan die rege van alle burgers soos vervat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 ([Wet 108 van 1996](#)), en die bepalings van die Wet op Besighede, 1991 ([Wet 71 van 1991](#));

EN AANGESIEN erken word dat alle aktiewe deelnemers in Matzikama munisipale gebied hulle verbind tot die skepping van toestande wat straathandel kommersieël lewensvatbaar sal maak en tot die ekonomiese bedrywighede en groei van die Wes- Kaapse ekonomie sal bydra;

EN AANGESIEN die munisipaliteit 'n instaatstellende omgewing vir informele handel moet skep deur die daarstelling van 'n jaarlikse begroting om ramings vir inkomste en uitgawes te weerspieël wat spesifiek betrekking het op die voorsiening van basiese dienste en infrastruktuur;

EN AANGESIEN daar 'n gepaardgaande plig op die informele sektor rus om ten volle deel te neem aan die ekonomiese groei van Matzikama munisipale gebied en om by te dra tot die belastingsbasis van Matzikama;

WORD DAAR, DERHALWE hierdie verordening afgekondig om die bedryf van daardie besigheid te vergemaklik en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

### 1. Woordomsrywings

In hierdie verordening, tensy uit die sinsverband anders blyk, het 'n woord of uitdrukking hierin vervat die betekenis wat in die Wet op Besighede, 1991 ([Wet 71 van 1991](#)) daaraan toegewys is, en beteken—

"**appèlkomitee**" die appèlkomitee soos saamgestel ingevolge artikel 10 van hierdie verordening;

"**beampte**"—

- (a) 'n verkeersbeampte aangestel kragtens artikel 3(1)(a) van die Padverkeerswet, 1989 ([Wet 29 van 1989](#));
- (b) 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie diens soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie diens, 1995 ([Wet 68 van 1995](#)); of
- (c) 'n vredesbeampte beoog in artikel 334(1)(a) van die Strafproseswet, 1977 ([Wet 51 van 1977](#));

"**die Wet**" die Wet op Besighede, 1991 ([Wet 71 van 1991](#));

"**eiendom**" met betrekking tot 'n straathandelaar, geld, goedere, 'n houer, 'n voertuig of beweegbare struktuur wat gebruik word of bestem is om gebruik te word in verband met die bedryf van sy of haar besigheid as sodanig;

"**formele handelsektor**" 'n assosiasie of assosiasies verteenwoordigend van die formele handelsektor wat handel dryf binne die gebied van die plaaslike owerheid en deur die plaaslike owerheid erken word;

"**informele handelsektor**" 'n assosiasie of assosiasies verteenwoordigend van straathandelaars wat handel dryf binne die gebied van die plaaslike owerheid en deur die plaaslike owerheid erken word;

**"komitee vir informele handel"** 'n komitee bestaande uit twee verteenwoordigers van die informele handelsektor, twee verteenwoordigers van die formele handelsektor, een verteenwoordiger van die plaaslike owerheid, 'n verteenwoordiger van die belastingsbetalersverenigings binne die Matzikama munisipale gebied (wanneer sake rakende Matzikama oorweeg word), 'n verteenwoordiger van enige ander gebied buite die sentrale sakegebied en die hooftoegangsroetes daartoe (wanneer sake rakende sodanige gebiede oorweeg word), en gekoöpteerde adviseurs wat deur die verskillende sektore genomineer is en deur die plaaslike owerheid aanvaar of genomineer is;

**"oorlas"** gedrag wat 'n toedrag van sake of toestande meebring of kan meebring wat 'n bron van gevaar vir ander persone of hul eiendom inhou of wat wesenlik inbreuk maak op hulle gewone gemak, gerief, vrede of rus;

**"openbare pad"** enige pad, straat, deurgang of plek (hetsy 'n deurgang of nie) wat gewoonlik deur die publiek of 'n gedeelte daarvan gebruik word of waartoe die publiek 'n reg van toegang het, en ook—

- (i) die soom van enige sodanige pad, straat of deurgang;
- (ii) enige brug, pont of drif waaroor of waardeur enige sodanige pad, straat of deurgang loop, en
- (iii) enige ander werk of voorwerp wat deel uitmaak van of verbind is met of behoort tot daardie pad, straat of deurgang;

**"openbare plek"** 'n plein, park, ontspanningsterrein, sportterrein, nagsteeg of oop ruimte wat—

- (i) in verband met 'n onderverdeling of uitleg van grond in erwe, standplase of boupersele voorsien, gereserveer of opsygesit is vir gebruik deur die publiek of die eienaars of bewoners van daardie erwe, standplase of boupersele, ongeag of dit op 'n algemene plan, onderverdelingsplan of diagram aangetoon word al dan nie;
- (ii) te eniger tyd aan die publiek opgedra is;
- (iii) sonder onderbreking deur die publiek gebruik is vir 'n tydperk van minstens 30 jaar wat na die een-en-dertigste dag van Desember 1959 verstryk; of
- (iv) te eniger tyd as sodanig verklaar of gelewer is deur die plaaslike owerheid of ander bevoegde owerheid;

**"plaaslike owerheid"** die munisipaliteit van Matzikama en sluit in 'n komitee of werknemer van die plaaslike owerheid wat bevoegdhede uitoefen of pligte of werksaamhede uitvoer soos deur die plaaslike owerheid gedelegeer is;

**"plaaslike owerheidsdiens"** enige stelsel deur of namens 'n plaaslike owerheid bestuur vir die versameling, vervoer of afvoer, behandeling of wegdoen van vullis, rioolvuil of stormwater of vir die vervaardiging, opwekking, opvang, opberging, suiwering, distribusie, geleiding, transmissie, vervoer, voorsiening of verskaffing van water, gas of elektrisiteit;

**"plaaslike owerheidsdienswerke"** alle werke van watter aard ook al wat nodig is vir of wenslik is vir, of bykomend of aanvullend is by, of gepaard gaan met enige plaaslike owerheidsdiens en sluit in enige onroerende eiendom, meer, fontein, natuurlike waterloop, masjinerie, werktuig of ander voorwerp van watter aard ook al wat gebruik word vir of in verband met enige sodanige werk of diens;

**"rommel"** enige houer, of ander voorwerp, of materiaal wat deur 'n straathandelaar of sy of haar klante weggegooi of agtergelaat word;

**"soom"** daardie gedeelte van 'n pad, straat of deurgang wat nie die ryvlak is nie;

**"straathandel"** ook die verkoop van goedere of die lewering van 'n diens om 'n diens of die aanbied van 'n diens teen vergoeding as straathandelaar in 'n openbare pad of openbare plek, maar sluit nie die verkoop van koerante alleen in nie;

**"straathandelaar"** 'n persoon wat die besigheid van straathandelaar, venter of smous bedryf en sluit dit 'n werknemer van sodanige persoon in, en vir die toepassing van hierdie verordening sluit dit so 'n persoon in wat in 'n openbare pad of openbare plek handel dryf, en

"sypaadjie" daardie gedeelte van 'n soom wat uitsluitlik vir die gebruik van voetgangers bedoel is.

## 2. Algemene gedrag

'n Persoon wat die besigheid van straathandelaar bedryf—

- (1) mag nie sy of haar eiendom op 'n openbare pad of openbare plek plaas nie, behalwe met die doel om handel te begin dryf of te dryf;
- (2) moet verseker dat sy of haar eiendom op 'n openbare pad of openbare plek nie 'n oppervlakte van meer as 3 meters lank en 2 meters wyd beslaan nie, of sodanige groter gebied bepaal deur die plaaslike owerheid na oorlegpleging met die komitee vir informele handel wat betref enige spesifieke perseel;
- (3) mag nie toegang tot 'n brandkraan of enige ander aangewysde fasiliteit of gebied versper wat slegs vir die gebruik van noodvoertuie en nooddienste afgebaken is nie;
- (4) mag nie die besigheid van straathandelaar bedryf op 'n soom aangrensend aan—
  - (i) 'n kerk of ander plek van aanbidding nie; of
  - (ii) 'n gebou wat kragtens die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 ([Wet 25 van 1999](#)) tot 'n nasionale monument verklaar is nie; of
  - (iii) 'n gebou wat behoort aan, of uitsluitlik deur die Staat of plaaslike owerheid beset word; of
  - (iv) ander gebiede soos van tyd tot tyd deur die plaaslike owerheid geïdentifiseer word na oorlegpleging met die komitee vir informele handel en onderworpe aan artikel 6A(2)(a) van die Wet,behalwe in soverre die bedryf van sodanige besigheid toegelaat word deur 'n kennisgewing of teken wat deur die plaaslike owerheid opgerig of vertoon word en in ooreenstemming daarmee opgetree word;
- (5) mag nie die besigheid van straathandelaar op daardie helfte van 'n openbare pad aangrensend aan 'n gebou wat vir residensiële doeleindes gebruik word, bedryf nie, indien die eienaar of persoon in beheer of enige bewoner van die gebou daarteen beswaar maak;
- (6) mag nie die besigheid van straathandelaar bedryf op 'n plek waar dit voetgangers se gebruik van 'n sypaadjie weselik verhinder nie;
- (7) mag nie die besigheid van straathandelaar bedryf op 'n plek waar dit voertuigverkeer belemmer nie;
- (8) mag nie die besigheid van straathandelaar bedryf sonder om in besit te wees van skriftelike bewys dat hy of sy daardie staanplek of gebied gehuur het van, of dat dit andersins aan hom of haar toegewys is deur die plaaslike owerheid, in 'n gebied gereserveer of afgebaken vir straathandeldryf deur die plaaslike owerheid ingevolge artikel 6A(3)(b) van die Wet, en na oorlegpleging met die komitee vir informele handel;
- (9) mag nie die besigheid van straathandelaar bedryf in stryd met die bepalinge en voorwaardes van die huurkontrak of toewysing aan hom of haar van 'n staanplek ingevolge artikel 6A(3)(c) van die Wet;
- (10) mag nie die besigheid van straathandelaar bedryf op 'n staanplek of in enige gebiede waar dit die sigbaarheid van 'n uitstalvenster van 'n besigheidsperseel belemmer nie, tensy die plaaslike owerheid na oorlegpleging met die komitee vir informele handel ooreengekom het om 'n staanplek voor sodanige venster of deel van sodanige venster toe te wys, onderhewig aan die voorwaardes indien enige, ingevolge artikel 6A(3)(c) van die Wet;
- (11) moet voldoende goedgekeurde rommelhouers voorsien, en
- (12) niesteenstaande andersluitende bepalinge, mag geen persoon sonder die skriftelike toestemming van die plaaslike owerheid die besigheid van straathandelaar bedryf op 'n plek anders as die deur die plaaslike owerheid aangewys nie.

### 3. Algemene beperkings

- (1) 'n Persoon wat die besigheid van straathandelaar bedryf, mag nie—
  - (a) waar die besigheid in 'n openbare pad of openbare plek bedryf word—
    - (i) oornag op die plek van die besigheid; of
    - (ii) enige onbeweegbare struktuur oprig met die doel om beskutting te voorsien; of
    - (iii) 'n beweegbare struktuur oprig met die doel om beskutting te voorsien, behalwe 'n toestel wat op dieselfde manier werk en lyk soos 'n sambreel of 'n beweegbare gazebo, op voorwaarde dat dit vir die plaaslike owerheid esteties aanvaarbaar is, sonder die voorafverkreë skriftelike goedkeuring van die plaaslike owerheid nie;
  - (b) besigheid op so 'n wyse bedryf dat dit—
    - (i) die oppervlak van 'n openbare pad of 'n openbare plek of openbare of private eiendom beskadig of skend nie; of
    - (ii) 'n gevaar vir verkeer veroorsaak nie;
  - (c) rommel op grond of 'n perseel of op 'n openbare pad of openbare plek opgaan, stort, opberg of agterlaat of veroorsaak of openbare plek, stort, opberg of agterlaat of toelaat dat dit gedoen word nie, behalwe in 'n vullishouer wat deur die plaaslike owerheid goedgekeur of voorsien is;
  - (d) toegang tot 'n diens of dienswerke van die plaaslike owerheid versper nie;
  - (e) toegang versper tot—
    - (i) 'n voetgangerarkade of winkellaan; of
    - (ii) 'n ingang of uitgang van 'n gebou nie;
  - (f) toegang tot 'n voortoegang, parkeer of laaivakke of ander geriewe vir voertuigverkeer of voetgangersverkeer versper nie;
  - (g) toegang tot, of die gebruik van, straattoebehore, soos banke of skuilings of toustaanplekke vir buspassasiers, of vullishouers en ander geriewe wat vir die gebruik van die algemende publiek bedoel is, versper nie;
  - (h) 'n padverkeersteken kragtens die Padverkeerswet, 1989 ([Wet 29 van 1989](#)), soos gewysig, of die Nasionale Padverkeerswet, 1996 ([Wet 93 van 1996](#)) en die regulasies daarkragtens uitgevaardig of enige merk, kennisgewing of teken wat kragtens hierdie verordening, vertoon of gemaak, versper nie, en
    - (i) advertensieborde, behalwe op die aangewese perseel, vertoon nie.

### 4. Sindelikhed en beskerming van openbare gesondheid

- (1) 'n Straathandelaar moet—
  - (a) sy of haar besigheid op so 'n wyse bedryf dat dit nie vir die openbare gesondheid of openbare veiligheid 'n gevaar of bedreiging inhou nie;
  - (b) op versoek van 'n werknemer van die plaaslike owerheid, sy of haar eiendom verskuif ten einde dit moontlik te maak om die oppervlak van die staanplek of perseel waar hy of sy handel dryf skoon te maak, of sodat die onderhoud aan plaaslike owerheidsdienswerke in die gebied waar die handelsperseel geleë is, verrig kan word;
  - (c) die staanplek of gebied wat hy of sy vir die doel van sy of haar besigheid gebruik, asook sy of haar eiendom in 'n skoon en higiëniese toestand en rommelvry hou;

- (d) indien sy of haar bedrywighede die kook of ander bereiding van voedsel behels, stappe neem om te verseker dat daar geen vet, olie of iets anders op die oppervlak van 'n openbare pad of openbare plek drup of stort of teen 'n gebou of ander struktuur spat nie, en
  - (e) geen rommel, vet of olie in enige riool- of afvoerpyp stort of weggooi nie.
- (2) Die plaaslike owerheid moet—
- (a) verseker dat persele waar straathandelaars handel dryf, op 'n gereelde grondslag skoongemaak en gereinig word;
  - (b) houters op die persele voorsien ten einde die weg gooi van rommel deur die straathandelaars te vergemaklik, en
  - (c) verseker dat die houters gereeld leeggemaak word sodat die handelsdryfpersele skoon gehou word.

## 5. Handeldryf in openbare plekke

'n Straathandelaar mag nie handel dryf in 'n openbare plek nie, behalwe met die voorafverkreë skriftelike goedkeuring van die plaaslike owerheid, en sodanige goedkeuring mag nie onredelik geweier word nie, en die goedkeuring kan, onderworpe aan sekere voorwaardes, verleen word.

## 6. Voorwerpe wat gebruik word vir die uitstalling van goedere

- (1) 'n Straathandelaar moet verseker dat enige struktuur, houer, oppervlak of ander voorwerp wat hy of sy vir die voorbereiding, vertoning, opberging of vervoer van goedere gebruik—
- (a) in 'n goeie toestand onderhou word en in 'n skoon en higiëniese toestand gehou word, en
  - (b) nie op so 'n wyse geplaas of opgestapel word dat dit 'n gevaar vir enige persoon, of die moontlike besering van enige persoon, inhou nie.

## 7. Verwydering en skutting

- (1) Indien 'n persoon wat die besigheid van straathandelaar bedryf, versuim of weier om te voldoen aan 'n skriftelike versoek waarvan die inhoud aan hom of haar verduidelik is, om sy of haar eiendom te verskuif of te verwyder, of daardie eiendom vir 'n tydperk van meer as drie uur sonder toesig laat, kan 'n beampste daardie eiendom verwyder en skut—
- (a) wat hy of sy redelikerwyse vermoed gebruik word, of bedoel is om gebruik te word, of gebruik is in verband met die bedryf van die besigheid van straathandelaar; of
  - (b) wat hy of sy op 'n plek vind waar die bedryf van daardie besigheid beperk of verbied word ingevolge hierdie verordening, en wat volgens sy of haar mening op 'n oortreding van hierdie verordening neerkom, tensy sodanige persoon deur die plaaslike owerheid gemagtig is om sodanig op te tree.
- (2) 'n Beampste wat ingevolge hierdie artikel optree, moet—
- (a) behalwe in die geval van goedere wat agtergelaat of geabandonneer is, onmiddellik 'n gedetailleerde ontvangsbewys vir eiendom wat op die wyse verwyder en geskut is, aan die persoon wat die besigheid van straathandelaar bedryf, uitreik, en die ontvangsbewys moet voldoende inligting bevat oor waar die eiendom geskut word en die prosedure vir die terugeis van daardie eiendom, en
  - (b) onmiddellik daardie eiendom aan die plaaslike owerheid besorg.
- (3) Eiendom wat verwyder en geskut is soos in artikel 6A van die Wet beoog—
- (a) kan, in die geval van bederfbare eiendom, binne 'n redelike tydperk na die skut daarvan deur die betrokke plaaslike owerheid verkoop of vernietig word; met dien verstande dat die

eiendom, behoudens die bepalings van subartikel 7(4) van hierdie verordening, te eniger tyd voordat daarvoor beskik word, aan die eienaar terugbesorg kan word op versoek van en bewys van eienaarskap aan die plaaslike owerheid, en

- (b) moet, behoudens die bepalings van subartikel 7(4) van hierdie verordening, in die geval van ander eiendom as bederfbare eiendom, binne 'n tydperk van een maand vanaf die datum van skut aan die eienaar terugbesorg word op versoek van en bewys van eienaarskap deur die eienaar aan die plaaslike owerheid.
- (4) Die plaaslike owerheid is daarop geregtig om die eiendom te behou totdat alle redelike uitgawes aan die plaaslike owerheid betaal is, en by gebreke daarvan kan die eiendom verkoop word, of in die geval van bederfbare goed, deur die plaaslike owerheid óf verkoop óf vernietig word.
- (5) In die geval van die verkoop van geskutte eiendom deur die plaaslike owerheid, moet die opbrengs van die verkoping minus die redelike uitgawes deur die plaaslike owerheid aangegaan ten opsigte van die verwydering of skut van, of die beskikking oor, die eiendom, betaal word aan die persoon wat die eienaar van die eiendom was toe dit geskut is. Indien die eienaar in gebreke bly om die opbrengs binne drie maande van die datum waarop die eiendom verkoop is, op te eis, word die opbrengs verbeur aan die plaaslike owerheid en in 'n spesiale fonds gestort wat die plaaslike owerheid ingestel het vir die ontwikkeling van die informele sektor en verwante aangeleenthede.
- (6) As die opbrengs van 'n verkoping van eiendom deur hierdie artikel beoog, nie voldoende is om die redelike uitgawes te dek wat die plaaslike owerheid aangegaan het in verband met die eiendom nie, is die eienaar van die eiendom wat verwyder en geskut is, of waaroor beskik is soos hierin beoog, aanspreeklik vir alle redelike uitgawes deur die plaaslike owerheid aangegaan in verband met die verwydering, skut of beskikking.

## 8. Delegering van magte

- (1) Die plaaslike owerheid kan enige van sy magte ingevolge hierdie erordening aan 'n werknemer van die plaaslike owerheid delegeer, behalwe die identifikasie van gebiede ingevolge artikel 2(4)(iv).
- (2) 'n Werknemer wat optree ingevolge 'n gedelegeerde magtiging, soos bedoel in subartikel (1) kan—
  - (a) die komitee vir informele handel raadpleeg ten opsigte van enige saak of beleid voordat hy of sy daarvoor 'n besluit neem;
  - (b) enige saak, saam met die kommentaar van die komitee vir informele handel, na die betrokke komitee van die raad van die plaaslike owerheid verwys vir 'n besluit, en daardie komitee moet dan 'n besluit neem.

## 9. Appèl

- (1) 'n Persoon wat veronreg voel deur 'n besluit van die plaaslike owerheid, mag na 'n appèlkomitee appelleer in ooreenstemming met die bepalings hierin uiteengesit.
- (2) 'n Persoon wat veronreg voel deur 'n besluit van die plaaslike owerheid moet, binne 10 dae na ontvangs van die kennisgewing van die besluit, die plaaslike owerheid en die voorsitter van die appèlkomitee skriftelik in kennis stel van 'n voorneme om teen die besluit te appelleer.

## 10. Samestelling van Appèlkomitee

- (1) Die lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir Ekonomiese Sake kan, in oorleg met die plaaslike owerheid, verteenwoordigers van die straathandelaars, venters of smouse en enige ander belanghebbende persone as lede van die Appèlkomitee aanwys.
- (2) Die appèlkomitee moet bestaan uit hoogstens ses lede, waarvan minstens twee lede moet verteenwoordigers bedoel in subartikel (1) moet wees.
- (3) Die lede van die appèlkomitee moet een lid aanstel om as voorsitter te dien.



- (4) As die voorsitter van mening is dat 'n bepaalde persoon in staat is om die appèlkomitee behulpsaam te wees, kan daardie persoon deur die appèlkomitee gekoöpteer word.
- (5) 'n Persoon wat aldus gekoöpteer is, mag nie op 'n vergadering van die appèlkomitee stem nie.
- (6) Die voorsitter moet die veronregte persoon binne 10 dae vanaf ontvangs van die kennisgewing van appèl verwittig van die datum, tyd en plek van die vergadering van die appèlkomitee waar daardie persoon se teenwoordigheid vereis word.
- (7) Die veronregte persoon wat ingevolge subartikel (6) kennis ontvang het, moet die vergadering persoonlik bywoon, en kan 'n regsverteenvoerder of enige ander persoon aanstel om namens hom of haar te verskyn.

## 11. Prosedure op appèlvergaderings

- (1) Die voorsitter moet die prosedure by die vergadering bepaal.
- (2) Al die lede moet by die vergadering van die appèlkomitee teenwoordig wees.
- (3) 'n Persoon wat die vergadering bywoon, kan—
  - (a) deur die voorsitter versoek word om getuienis te lewer;
  - (b) deur die voorsitter versoek word om 'n dokument of ander eiendom in daardie persoon se besit of beheer aan die appèlkomitee voor te lê; of
  - (c) deur die appèlkomitee ondervra word oor die aangeleentheid wat voor die komitee dien.
- (4) 'n Besluit van die appèlkomitee moet geneem word met 'n eerderheid van stemme, en in geval van 'n staking van stemme het die voorsitter 'n beslissende stem benewens 'n gewone stem.
- (5) Die Appèlkomitee kan, nadat dit die getuienis wat gelewer is, oorweeg het—
  - (a) die appèl van die hand wys; of
  - (b) die appèl handhaaf, en ander stappe neem soos wat dit goed dink.
- (6) Die appèlkomitee moet so gou doenlik—
  - (a) die veronregte persoon skriftelik van sy besluit verwittig, en
  - (b) die verontregte persoon van skriftelike redes vir die besluit voorsien.

## 12. Toepassing

Die verordening wat in hierdie Bylae uiteengesit is, is van toepassing binne die jurisdiksie van die Matzikama munisipaliteit.

## 13. Herroeping

Ingevolge artikel 3(2) van die Wysigingswet op Besighede, 1993 ([Wet 186 van 1993](#)), word die Regulasies insake Straathandelaars, Venters of Smouse, afgekondig deur die voormalige Administrateurs kragtens Provinsiale Kennisgewing 404 van 28 Augustus 1992 in Provinsiale Koerant 4764, vir sover dit van toepassing is in die jurisdiksie van die Matzikama munisipaliteit, met uitsondering van regulasies 6(4)(a) en (b) en 7, hierby herroep.

## 14. Oortredings

- (1) 'n Persoon wat—
  - (a) 'n bepaling van hierdie verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen;

- (b) 'n kennisgewing, teken of merk wat vir die toepassing van hierdie verordening vertoon of opgerig is, ignoreer, verontagsaam of nie gehoorsaam nie;
- (c) 'n goedkeuring of voorwaarde wat ingevolge hierdie verordening verleen of opgelê is, oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- (d) versuim om te voldoen aan 'n skriftelike versoek om sy of haar eiendom te verskuif of te verwyder;
- (e) opsetlik vals of misleidende inligting aan 'n beampte of werknemer van die plaaslike owerheid verstrek; of
- (f) 'n beampte of werknemer van die plaaslike owerheid by die uit-oefening van sy of haar bevoegdhede, pligte of werksaamhede ingevolge hierdie verordening dreig, teenstaan, hom of haar daarmee bemoei, of die beampte of werknemer dwarsboom, is skuldig aan 'n misdryf, en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens eenduisend rand (R1 000,00) of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie (3) maande.

## 15. Taal

Die Engelse vertaling van hierdie verordening geniet voorrang in geval van 'n dispuut in interpretasie tussen die verskillende vertalings van hierdie verordening.

## Bylae van beginsels

In ooreenstemming met die bepalings van die Wet op Besighede, 1991 ([Wet 71 van 1991](#)) en verordeninge en regulasies ingevolge daarvan afgekondig, is die volgende beginsels van toepassing—

1. Wetgewing moet 'n raamwerk voorsien ten einde straathandelaars in staat te stel om regmatige bydraers tot die ekonomiese aktiwiteit en groei van Matzikama te wees.
2. Straathandelaars moet die vryheid hê om in 'n oop ekonomie handel te dryf en 'n bestaan te maak as bydraers tot die ekonomie van Matzikama.
3. Straathandelaars moet gelyke toegang tot markgeleenthede hê.
4. Straathandelaars moet as entrepreneurs wat deelneem aan formele ekonomiese bedrywighede, behandel word, met inagneming van die historiese agtergrond waaruit die sektor ontstaan het en die spesifieke logistieke probleme waarmee die sektor te make het.
5. Straathandelaars moet die vryheid van assosiasie hê en hulle in liggame en organisasies van hul keuse kan konstitueer op voorwaarde dat hulle formeel gekonstitueer word en erkende lidmaatskap het.
6. Straathandelaars moet bydra tot die skepping van 'n ekonomie wat groei en uitbrei.
7. Straathandelaars moet bydra tot die bevordering van deelname aan die groei en ontwikkeling van Matzikama, met besondere aandag aan die bevordering van histories benadeelde entrepreneurs en groepe.
8. Straathandelaars moet bydra tot die skepping van lewensvatbare werksgeleenthede.
9. Straathandelaars moet bydra tot die beskerming van die omgewing en die behoorlike beplanning en ontwikkeling van die ekonomie van Matzikama.
10. Straathandelaars moet binne die raamwerk van die wet werk en tot die belastingbasis van die plaaslike owerheid bydra.
11. Straathandelaars en die plaaslike owerheid moet die beginsel van onderhandeling en regverdigheid in die oplossing van konflik aanvaar.
12. Straathandelaars moet bydra tot die bevordering van 'n skoon en gesonde omgewing en die beskerming van die openbare gesondheid en veiligheid.